GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D6

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**

**GRAAD 10**

**JUNIE 2017**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LEESBEGRIP (30)

   AFDELING B: OPSOMMING (10)

   AFDELING C: TAAL (40)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke AFDELING op ’n NUWE bladsy.
4. Trek ’n streep na elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat ’n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 20 minute

   AFDELING C: 50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### TEKS A: ARTIKEL

Lees die artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Advertensies – Koper pasop!** Deur Cindy Grigg, e.a




1. Ons is elke dag omring deur advertensies. As jy die televisie aanskakel, koerante en tydskrifte oopblaai, op advertensieborde langs die straat kyk, sien jy advertensies.
   Jy hoor dit selfs op die radio. Advertensies is oral!

2. Jy sien dit gereeld op televisie. Vir elke uur wat jy kyk, word ten minste vyftien minute kyktyd aan advertensies afgestaan.

3. Advertensies kan jou iets leer en jou inlig oor ’n produk. Dit kan ook kopers oor produkte inlig. Advertensies kan ook kopers beïnvloed om items te koop wat hulle nie regtig nodig het en kan bekostig nie.

4. Advertensies kan misleidend wees. Die meeste vervaardigers vertrou dat advertensies nie net mense oor hulle produkte sal inlig nie, maar hulle ook sal oorreed om die produkte te koop. Slegs die voordele van die produkte word uitgelig en die nadele word weggelaat. Hoe meer kopers bewus word van advertensietegnieke, hoe meer sal hulle in staat wees om objektief en nugter na die mark te kyk.

5. Hier is ‘n paar maniere hoe adverteerders jou aandag probeer trek. Eerstens, met die reklamewa. Hierdie soort advertensie vertel ons dat almal hierdie produk koop en jy beter dit ook aanskaf as jy nie wil agterbly nie. Moenie vir hierdie groepsdruk ingee nie. Soek na ’n beter produk. ’n Voorbeeld van die reklamewa-tegniek: Elke tiener op straat dra dit! “COOL – JEANS”. Kry vandag een en smelt saam. Wees deel van die groep!”

6. Dan is daar oordrywing. Dit is wanneer iets groter gemaak word as wat dit werklik is, bv. “’n Huisie by die see - spotgoedkoop!” Wanneer jy egter die prys sien, kan jy dit nie bekostig nie. Die adverteerder maak ook van onderbeklemtoning gebruik om produkte te adverteer, bv. wanneer hulle sê dat die artikel ‘n bietjie duurder as die ander een is, maar die verskil is duisende rande.

7. Die kort oorredende stelling is ook baie effektief, bv. ’n reeks items waarvan jy hou of wat jy nodig het, word opgenoem. Dan die kort sin: “Hier is dit!” of “ Dit is net vir jou!” Die kort stelling met die uitroepteken beklemtoon die stelling dat die produkte vir jou, die leser, is.

Bron: *Internet (Vrylik vertaal en aangepas)*

1.1 Watter leesteken in die titel is vir ons 'n aanduiding dat die leser gewaarsku word? (1)

1.2 Noem TWEE plekke waar jy advertensies sal vind. (2)

1.3 Noem TWEE sintuie wat gebruik word om die mens van advertensies bewus te maak. (2)

1.4 Watter gevoel word uitgedruk met "Advertensies is oral!" (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord.
Advertensies neem…van TV-kyktyd in beslag.
A 25%
B 75%
C 50%
D 39% (1)

1.6 Motiveer jou antwoord vir vraag 1.5. (1)

1.7 Wat is die nut van die advertensie volgens paragraaf 3? (1)

1.8 Noem TWEE nadele van advertensies (paragraaf 3) (2)

1.9 Noem TWEE maniere hoe advertensies volgens paragraaf 4 misleidend kan wees. (2)

1.10 Wanneer sal voornemende kopers objektief na produkte op die mark kan kyk? (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord.

Die advertensie-tegniek wat jou uitnooi om deel van die groep te wees , word … genoem.

A groepsdruk
B reklamewa
C tienergroep
D advertensie (1)

1.12 Die skrywer is ten gunste van hierdie advertensie-tegniek wat in paragraaf 5 genoem word.

Haal 'n sin uit paragraaf 5 aan om te bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.13 Hoe sal die koper weet wanneer adverteerders oordryf? (paragraaf 6) (1)

1.14 Wat word die advertensie-tegniek genoem waar die verskil in prys tussen twee artikels baie hoog is, maar nie so hoog in die advertensie aangedui word nie. (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord.

Die kort oorredende stelling is effektief, want dit …die koper aan.

A spreek
B raak
C vat
D neem (1)

1.16 Die sin bokant die prentjie moet eintlik lees: “Ons beste advertensie is tevrede klante.”
Waarom lees dit “Tevrede klante is ons beste advertensie”? (1)

1.17 Hoe skakel die prentjie met die sin: “Tevrede klante is ons beste advertensie”? (1)

1.18 Dink jy dat jy, noudat jy die teks gelees het, objektief en nugter na die produkte sal kyk? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.19 Hoekom, dink jy, is kort sinne belangrik in’n advertensie? (1)

## TEKS B: HANDELSMERKE EN ADVERTENSIES

**A**




**Waarborg van Tevredenheid**
As jy nie tevrede is met jou inkopies nie, sal ons jou geld teruggee, sonder vrae of gesukkel.

**B**



**Gratis Parkering**
Gratis parkering op een vlak minder as 'n klipgooi van die Ultramark se ingang af.

**C**




**Vleispakke vir pensioenarisse.**
Spesiale vooraf verpakte vleispakke. Die porsies is kleiner teen afslagpryse elke Woensdag. Dit voldoen aan die vereistes van die klant sonder 'n gesin.

**D**



**Voorraad gewaarborg**
100% tevredenheid of jou geld terug sonder vrae. Gradering van toepassing in beheerde gebiede.

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | Wat sal vir die klant terug gegee word indien hy iets koop waarmee hy nie tevrede is nie? | (1) |
| 1.21 | Haal 'n uitdrukking aan wat dieselfde beteken as **baie naby**. | (1) |
| 1.22 | Watter advertensie is gemik op klante wat alleen bly of enkellopendes? | (1) |
| 1.23 | Op watter dae kan pensioenarisse afslag kry op vleis? | (1) |
| 1.24 | Hoe verskil die vleispakke van pensioenarisse van ander vleispakke? | (1) |
| 1.25 | Watter twee handelsmerke bied dieselfde waarborg? | (1) |
| | | **[30]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die sewe WENKE oor hoe om jou voete gelukkig te hou in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1-7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE GETAL woorde aan die einde van jou opsomming aan.

## TEKS C: HOE OM JOU VOETE GELUKKIG TE HOU





Was elke dag jou voete met water en seep en dra elke dag skoon sokkies. Almal se voete sweet en daarom is dit belangrik dat dit baie skoon en higiënies gehou moet word.

Hou jou toonnaels kort deur dit gelyk te knip. Moet dit nie rond knip nie, want dan kan jy ingroei toonnaels ontwikkel. Jou toonnaels moet ook skoon gehou word.

Maak seker dat die stortvloer skoon is voordat jy enige stort gebruik. As jy klaar gebad of gestort het is dit belangrik dat jy jou tone versigtig afdroog, veral tussen die tone. ’n Bietjie voetpoeier tussen die tone help om dit droog en vars te hou.

Maak seker dat jou sokkies pas. Net soos te klein skoene, kan te klein sokkies jou voete beskadig.

Om soveel as moontlik kaalvoet te loop, is goed vir jou voete. Suurstof is ook nodig vir jou voete. Om gereeld kaalvoet te loop hou jou voete gesond en die basis van jou voete ferm. Voete wat nie blootgestel word aan growwe oppervlaktes nie, lei daartoe dat die vel te sag word.

Wanneer jy skoene koop, moet jy die kenner op die gebied van skoene toelaat om te kyk dat dit behoorlik pas.

Bron: Wenke oor higiëne

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## VRAAG 3

### TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.




*Bron: Internet (vrylik vertaal en aangepas)*

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Wie is die adverteerder? | (1) |
| 3.2 | Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? | (1) |

3.3 Die adverteerder rig ‘n **uitnodiging** aan die leser. Wat is die uitnodiging? (1)

3.4 Skryf die korrekte WOORD neer om aan te dui dat die DBV net 60 minute van jou tyd vra. (1)
Slegs (een uur/ eenuur) van jou tyd kan genoeg geld insamel

3.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord (A-D) neer, byvoorbeeld 3.5 (E).

Dink asseblief ______ om vrywilligheidsdiens te doen.

A aan
B met
C daaraan
D vir (1)

3.6 Wie is die persoon wat volgens die adverteerder ’n verskil kan maak? (1)

3.7 Hoeveel troeteldiere gebruik die adverteerder in sy advertensie? (1)

3.8 Noem TWEE tegnieke wat die adverteerder gebruik om jou te oortuig om deel te wees van die projek. (2)

3.9 Skryf die slagspreuk van die DBV neer. (1)


**[10]**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




*Bron: Internet (vrylik vertaal)*

4.1 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies:

Calvin is 'n klein (seun) (1)

4.2 Kies die korrekte VOEGWOORD tussen hakies. Skryf die sin uit.

Calvin lê op sy bed (oor/omdat) hy wil slaap. (1)

4.3 Gee die korrekte VOORSETSEL.

Calvin lê … die slaapsak. (1)

4.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Hulle slaap in die tent onder die (maan + lig). (1)

4.5 Kies die KORREKTE woord.

In raampie 2 staan die tent langs 'n (denneboom/ deneboom). (1)

4.6 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dit is die (donker) nag wat Calvin ooit gesien het. (1)

4.7 Voltooi die sin deur die TEENOORGESTELDE GESLAG in te vul.

Calvin sê (seuns) kan nie in die tent slaap nie. (1)

4.8 Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

Calvin en sy hond is (baie bang). (1)

4.9 Kies die korrekte woord om die uitdrukking te voltooi.

Liewer bangjan as … beteken dat dit beter is om liewer lafhartig te wees as om dood te gaan.

A oorle'Jan
B dooie Jan
C ronde Jan
D vreeslike Jan (1)


4.10 Wat dink jy gebeur in raampie 4? (1)

**[10]**


## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



### (5.1.1) TANNIE SARIE IS DIE … IN



Tannie Sarie se hoenders was haar trots.
**(5.1.2)** Sy het 'n baie mooi haan gehad.
**(5.1.3)** Haar tuinwerker het haar (in die kombuis) (uitasem) vertel (een middag) die haan lê dood by die sinkdam.
**(5.1.4)** Toe sy daar kom, het sy onmiddelik besef dit is 'n misdaadtoneel.
**(5.1.5)** Tannie Sarie het die haan 5m van die sinkdam gekry. Sopnat
**(5.1.6)** Daar was klei in die haan se bek.

**(5.1.7)** Daar was klei in die haan se keel**.**
**(5.1.8)** Sy het reguit na Hendrik se kamer marsjeer.
**(5.1.9)** Sy sleep hom aan sy voet onder die bed uit.
**(5.1.10)** "…het jy dit gedoen?"
**(5.1.11)** Hendrik sê dat die hoender kan swem.
"En die klei in sy keel?"
Hendrik sê dat hy die haan op die grond neergesit het
"Die haan wou nie staan nie."
Ek was bang hy gaan dood.
Toe het ek die klei in sy keel gedruk om te keer dat hy sy laaste asem uitblaas."





5.1.1 Voltooi die SPREEKWOORD wat die beste by die prentjie pas.

Skryf die vraagnommer (5.1.1) en die letter (A-D) neer.

A voëls
B hoenders
C ganse
D haan (1)

5.1.2 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Sy het 'n mooi haan gehad. (1)

5.1.3 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Die tuinwerker het haar (in die kombuis) (uitasem) vertel (een middag).
**Begin so**: Die tuinwerker het haar… (1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Dit is 'n misdaadtoneel. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Tannie Sarie het die haan 5m van die sinkdam af gekry.
**Begin so**: Die haan… (1)

5.1.6 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Daar was klei in die haan se bek. Daar was klei in die haan se keel (en). (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Sy sleep hom aan sy voete onder die bed uit. (2)

5.1.8 Vul die korrekte VRAAGWOORD in.

"… het jy dit gedoen?" (1)

5.1.9 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hendrik sê dat die hoender kan swem.
**Begin so:** Hendrik sê dat die hoender… (2)

5.1.10 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Hendrik sê dat hy die haan op die grond neergesit het.
**Begin so:** Hendrik sê… (2)

5.1.11 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Die hoender het gestaan. (1)

5.2 **TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




Bron: Internet

5.2.1 Kies die korrekte antwoord.

Meneer hou by ’n (laer skool/ laarskool/ laerskool) skool. (1)

5.2.2 Gee die antoniem van die vetgedrukte woord.

Meneer **haat** die laaste dag van die skool, maar is … vir sy werk. (1)

5.2.3 Kies die korrekte antwoord.

Dit is teen die skoolreëls om met ’n … in die klas te speel.

A tuinslang
B tuinslang
C waterpyp
D waterpyp (1)

5.2.4 Skryf die Afrikaanse woord van die vetgedrukte woord neer.

Een kind het met sy **pet**, ’n klein hondjie, skool toe gekom. (1)

5.2.5 Kies die korrekte antwoord uit die raampie.

Aan die einde van elke kwartaal maak die kinders groot lawaai in die klas, m.a.w. hulle neem die klas op …

| | | |
|---|---|---|
| harnas | horings | plesier |

(1)

5.2.6 Voltooi die sin met die korrekte voorsetsel: (1)
Een seun sit onder die tafel en hou ____ die tafelpoot vas.

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C : 40**
**GROOTTOTAAL: 80**